Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Noord-Kaapse Afdeling)

Hooggeregshof Hersieningsnr: 391/03

Landdros Saaknr: 231/03

Datum gelewer: 25/07/2003

In die hersieningsaak van:

**DIE STAAT**

*versus*

**ANNELIEN SLINGER** **BESKULDIGDE**

Coram: MAJIEDT R

## UITSPRAAK OP SPESIALE HERSIENING

**MAJIEDT R:**

1. In hierdie aangeleentheid het die landdros opgetree ingevolge die bepalings vervat in artikel 112(1)(a) van die Strafproseswet, Wet 51

van 1977 (*'die Wet'*). Die beskuldigde het skuldig gepleit en is skuldig bevind aan winkeldiefstal.

2. Ondanks die feit dat die aanklaer aangedui het dat sy vorige veroordelings wil bewys en inderdaad so gedoen het, het die landdros voortgegaan ingevolge die bepalings van die voormelde artikel. Die landdros het toe, in navolging van die aanbeveling vervat in 'n voorvonnis maatskaplike verslag ten aansien van die beskuldigde, 'n vonnis van ses maande gevangenisstraf aan die beskuldigde opgelÍ ingevolge die bepalings vervat in artikel 276(1)(i) van die Wet.

3. Die landdros het die aangeleentheid voorgelÍ op spesiale hersiening en versoek nou dat 'n toepaslike boetestraf of ander straf opgelÍ word, aangesien hy gefouteer het om gevangenisstraf op te lÍ. Volgens hom het hy sy fout besef op 'n stadium toe hy reeds *functus officio* was.

4. Die landdros is natuurlik heeltemal korrek dat hy buite die strafbevoegheid van artikel 112(1)(a) van die Wet opgetree het

deur ‘n vonnis van gevangenisstraf sonder die keuse van ‘n boete op te lÍ.

Sien in dié verband: **R v Hodgert 1956(2) SA 2(N);**

**S v Aniseb & another 1991(2) SASV 413 (Nam).**

5. Hierdie Hof is nie geoorloof om ‘n ander vonnis op te lÍ instede van die een wat deur die landdros opgelÍ is nie. Die hele verrigting is ‘n nulliteit en moet van voor af gedoen word;

Sien in dié verband: **S v Floors Plaatjies en vier ander soortgelyke sake** (ongerapporteerde hersieningsuitspraak van Lacock R waarmee Tlaletsi WnR saamgestem het, gelewer op 13/6/2003.)

6. **Bygevolg word die beskuldigde se skuldigbevinding en vonnis tersyde gestel en die aangeleentheid word na die landdros terugverwys vir verhoor *de novo*.**

_____________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

---------------------------------------------------------------------------